



HEMELVAART

*Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien en 'n wolk het Hom weggeneem sodat hulle Hom nie langer kon sien nie...
 ... Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.
 (Hand 1: 9-11)*

*Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort.
 Dit is wat julle nou sien en hoor.*

(Hand 2:33)

Mag Hemelvaart en Pinkster vir julle elkeen 'n besondere en geseënde tydperk wees...

Neem asseblief kennis dat die Sinodale Kantoor op Donderdag 5 Mei 2016 gesluit sal wees.

1. NUUS UIT DIE VRYSTAAT SINODE:

VROUDELIDMATE TOERUSTINGSKURSUS 2017: Besprekings/inskrywings vir hierdie gewilde geleentheid vir alle vrouelidmate in die Vrystaat, is reeds oop. Dit vind plaas **vanaf 17 – 19 Februarie 2017** by die **Amanzi Wildsplaas naby Brandfort**. Die spreker is Rian Truter van Bellville en sy **tema** sluit aan by die logo van die SKV, **Briekloos vir Christus**. Vir meer inligting, klik [hier](#) - die registrasievorm kan [hier](#) gevind word.



WATER LEWE FOTOKOMPETISIE: Die Eenheid vir Bedieningsbegeleiding, NG Kerk Vrystaat, bied hierdie opwindende kompetisie aan – sien biljet hieronder vir nuutste inligting (let op na die pryse, borge, ensovoorts); klik [hier](#) vir die finale reëls en voorwaardes. **Let wel dat alle foto's wat ingeskryf word, slegs in die Vrystaat en Noord-Kaap afgeneem moet wees – sluitingsdatum is 15 Julie 2016.**



Die fotokompetisie word deur die Volksblad, Fotoskool en NG Kerk Vrystaat aangebied.

Enigiemand kan deelneem.

Foto's moet wel net in die Vrystaat en Noord-Kaap geneem wees.

PRYSE!
 Al 3 winners, in elk van die 3 kategorieë, wen 'n waterrenk asook een om te skenk aan 'n behoeftige gemeenskap van hul keuse!

INSKRYWINGSFOOI • R30 per foto • 'n Onbepaalde aantal foto's kan ingeskryf word.
www.ngkvrystaat.co.za • NG KERK OVS • ABSA-Tjek – 470000406 • Takkode: 334-134
 Verw: Foto/naam en van • Stuur bewys van betaling aan Joanie Theron: gemeentes@ngkvs.co.za

FOTO KWALITEIT & FORMAAT • Foto's moet oorspronklik en groot genoeg vir publikasie wees. (minstens 1 MB, maar nie groter as 2 MB nie)
 • Foto's moet in RGB & JPEG wees en moet in Jpeg - formaat aangestuur word.

SLUITINGSDATUM • 15 Julie 2016 • Die finaliste en winners se fotos sal in die Volksblad gepubliseer word asook uitgestal word.

BEOORDELING • Beoordeling vind op 22 Julie 2016 plaas deur Igno van Niekerk • Fotoskool, Conrad Bornman • Volksblad, Andreas Viljoen • AVD & Barnard Steyn • NG Kerk Vrystaat





| KATEGORIE 1 | KATEGORIE 2 | KATEGORIE 3 |
|---|--|---|
| WONDER VAN WATER • natuurskoon • bronne (riviere, windpomp, damme ...) | DORS NA WATER • droogte & besoedeling • misbruik & vermorsing | WOEKER MET WATER • slim planne & patente • waterwyse tuine |

WATER LEWE FOTOKOMPETISIE

UV EN TEOLOGIE OPE DAG 14 MEI 2016: Skoolverlaters kan gerus aangemoedig word om Teologie as studierigting te oorweeg. Daar is verskillende beroepsmoontlikhede vir 'n student wat Teologie studeer (byvoorbeeld predikant, pastorale berader, jeugwerker, kapelaan, gemeenskapsontwikkeling, ensovoorts). Voel jy geroepe om vir die Here te werk? Oorweeg dan Teologiese studie aan die UV.



UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

Kom vind meer uit op **Saterdag 14 Mei 2016**, tydens die UV se ope dag gemik op Graad 11 en 12 leerders. Belangstellendes kan **vanaf 08:30 by die Callie Human** op die UV kampus aanmeld vir algemene studie-inligting. **Om 09:45 vind daar 'n aanbieding in die Teologiegebou** oor teologiese studie **plaas** – wat is dit en wat kan jy daarmee doen? Vir navrae, kontak vir Nathlene van Wyk by 051 401 2667 (k).

2. ALGEMENE SINODE NUUS:

NG KERK ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD VIR PREDIKANTE: *Die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR), 'n sub-taakspan vir Predikantesake, hanteer steeds alle bevoegdheidsaangeleenthede, soos die jaarlikse aanmelding, registrasiefooi, bevoegdheidsnavrae en advies oor aansoeke tot hertoelating tot die bediening, skryf Déwyk Ungerer, bestuurder van die ABR. Hierdie kommunikasie is die afgelope week aan alle predikante gestuur. Daarin word predikante versoek om hulle biografiese inligting te kontroleer en word hulle ook herinner aan die jaarlikse registrasiegelde wat teen 30 April betaalbaar was. Riglyne oor die jaarlikse getuigskrif wat proponente, beroepbare predikante en emeriti aan die ABR moet besorg, word ook daarin uiteengesit - lees volledige brief van 25 April 2016 [hier](#). Die kontakinligting van die ABR is:*

Dr Dewyk Ungerer (Bestuurder) - dewyku@iafrica.com
Me Annari du Plessis (Sekretaresse) - bevoegdheid@ngkerk.org.za
Tel ABR-kantoor - 012 342 0092

“DIAC AFRIC”-KONFERENSIE: Die Taakspan vir Missionale Diakonaat bied op 31 Mei en 1 Junie 2016, in samewerking met Hugenote Kollege, 'n “Diac Afric”-Konferensie aan. Gemeentes, predikante, lidmate en maatskaplike werkers word hierheen uitgenooi. Die doel is om die Missionale Diakonaat in Afrika te bevorder en die maatskaplike dienste en gemeentediakonaat beter te integreer. Verder sal die integrasie van Missionale Transformasie en Missionale Diakonaat ook bespreek word. Die tema is, **Armoede – Geleentheid of verleentheid vir 'n Missionale gemeente**. Klik [hier](#) vir amptelike uitnodiging/program en [hier](#) vir die registrasievorm.



3. GEMEENTENUUS:

GEKANSELLEER NG HUGENOOT - MOEDERSDAGTEE: Neem asseblief kennis dat hierdie geleentheid weens 'n gebrek aan belangstelling gekanselleer is.

Kyk ook by Herhalings, pt 6 vir gebeure by ander gemeentes, wat reeds hier verskyn het.

4. BYBELMEDIA NUUSBRIEF 8/2016: In hierdie uitgawe is daar nuus oor die nuutste [Kerkbode van 6 Mei 2016](#), asook goeie nuus oor die prysweners van die BM-Cordis Trust pryse – klik [hier](#) vir al die inligting.



5. VAKATURES:

LERAAR VASTETERMYN (KONTRAK) – NG VERKEERDEVLEI: Hierdie gemeente in die Ring van Winburg, beskik tans oor 'n vakante pos. Klik [hier](#) vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 31 Mei 2016**.

ENGO KINDERVERSORGER - WINBURG KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM: Hierdie pos behels die versorging en opvoeding van 15 Sothosprekende seuns wat deur die Kinderhof sorgbehoewend bevind is. Klik [hier](#) vir meer besonderhede, **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 31 Mei 2016**.

6. NB! HERHALINGS: Die volgende kennisgewings en inligting wat reeds in *Vrypos* verskyn het, word vir jou gerief herhaal:

Pinksterreeks 2016 in Afrikaans beskikbaar om af te laai

Keke beplan groot versoeningsveldtog – gemeentes moet kennis neem!

Vigsherinneringsondag val saam met Pinkstersondag op 15 Mei 2016 – gemeentes neem kennis asseblief!

Gemeentenuus: NG Kroonheuwel-Noord - Vleisfees op 7 Mei 2016

NG Harrismith – Vrouebyeenkoms op 4 Junie 2016, ... *nogtans sal ek jubel*, Habakuk 3

Kwela-Dorp van die Jaar – Paul Roux is die Vrystaat se finalis, stem vanaf 11 Mei 2016!

Vakature: PSD, Teologiese Navorsing, Wes-Kaap – sluitingsdatum 5 Mei 2016

Klik [hier](#) vir al die inligting.

7. **VERJAARSDAE:** Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar:


8 Mei:

Ds Christo Spies - BLOEMFONTEIN-WES - 084 601 5705, chris@stms.co.za

Ds Koos Möller - ROUXVILLE - 051 663 0016, 082 807 1045, koosmoller@gmail.com

9 Mei:

Mev Joanie Theron - SINODALE KANTOOR (EBB) - 051 406 6732 (k), gemeentes@ngkvs.co.za



8. **TEN SLOTTE:** Dit is Sondag 8 Mei 2016 Moedersdag... hiermee salueer ons alle mammas en oumas. Dankie vir wie julle is en dat kinders, pa's en oupas glad nie sonder julle kan klaarkom nie, mag elke spesiale vrou 'n heerlike bederfdag geniet!

Wie sal ooit die hart van 'n ma en vrou verstaan. Waar sy soms so baie van haarself gee en so min terug verwag. Waar sy soms terugstaan wanneer haar opinie nie tel nie. Waar sy huil sonder dat iemand dit sien. Waar haar glimlag, haar troos is. Waar sy soms so leeg en alleen voel maar dit nie sal wys nie. Dan kom God en Hy vul haar met als wat sy nodig het. Hy droog haar tranes en Hy gee haar Sy vrede. Mag mammas en vroue nooit God se hand los nie.



Groetnis.

THEA BOSMAN

Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za

Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat

Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP **VRYPOS** WIL INTEKEN, KLIK [hier](#) (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY VRYPOS WIL KANSELLEER, KLIK [hier](#)

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: <http://www.ngkerkvrystaat.co.za/>

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: 

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik [hier](#)

BYBELMEDIA NUUSBRIEF 8/2016:

Bybel-Media-Cordis Trust-pryse oorhandig... 'n besondere mylpaal!: Die eerste BM-Cordis Trust-prys is in 2014 vir oorspronklike Afrikaanse kinder- en/of gesinspublikasie toegeken. In November is 16 publikasies vir twee kategorieë

deur uitgewers ingeskryf. Vanjaar is die toekennings verder uitgebrei na drie kategorieë en die pryse (oorkonde en geldprys) is tydens 'n feestelike geleentheid op Vrydag 22 April by Bybel-Media (Wellington) oorhandig – *alles danksy die wonderlike ondersteuning van Cordis Trust*. Dr SJ Marais, voorsitter van Cordis Trust, het die geleentheid bygewoon en self van die pryse aan die weners oorhandig. Die weners is:

1. BM-Cordis Trust-prys: Toekenning vir **oorspronklike Afrikaanse Christelike Gesinspublikasie - Tom en Lollie Smith** vir *7 Ritmes vir kinders* – CUM-uitgewers.
2. BM-Cordis Trust-prys: Toekenning vir **oorspronklike Afrikaanse Christelike Kinderpublikasie - Juliana Nothnagel en Johann Strauss** vir *Ons eie Kleuterbybel* – Lux Verbi (NB Uitgewers).
3. BM-Cordis Trust-prys: Bydrae tot spesiale projek(te) met 'n Bybel-Media verbintenis - **Dr Chris van Wyk**, Somerstrandgemeente, Port Elizabeth - Bydraes deur publikasies, Kruisgewys, weeklikse preeksetse, Luister-Seisoenmateriaal, Seisoen van menswaardigheid en nog meer.
4. Spesiale Toekenning van Cordis Trust: *Orde van die Lamp* - Toekenning aan 'n individu vir besondere bydraes tot die uitdra van die boodskap van hoop - **Dr Pieter Fourie** – Uitvoerende Hoof van Bybel-Media.



Vlnr: Ds Fourie Rossouw (wat die pryse namens Tom en Lollie Smith ontvang het), dr Chris van Wyk, dr Fanie Marais (van Cordis Trust), dr Pieter Fourie en voor is Juliana Nothnagel



Lees in die jongste Kerkbode: In Kerkbode van 6 Mei 2016 kan u lees van twee *Fresh Expressions*, of nuwe vorme van kerkwees, wat uit die NG Kerk tot stand gekom het. Die een het pas in Durban begin en die ander is al 'n paar jaar lank op dreef in Windhoek. Lees ook van 'n kerklike aksie vir versoening in Suid-Afrika, hoe die gemeente en gemeenskap van Thabazimbi teenslae hanteer en van 'n vlugteling uit midde-Afrika wat sy doktorsgraad in Stellenbosch gedoen het oor hoop. In die gay debat is daar twee bydraes oor Nuwe Testamentiese tekste en in die kunsubriek kom 'n skildery aan die beurt wat met sy profetiese boodskap in Koninkrykstyld gebruik sou kon word.



Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za

TERUG NA INHOUD

VAKATURES:

LERAAR VASTETERMYN (KONTRAK) - NG VERKEERDEVLEI:

Gemeenteprofiel: Die NG Gemeente Verkeerdevlei is in 'n plattelandse boeregemeenskap geleë, 80km noordoos van Bloemfontein en val binne die Ring van Winburg. Die gemeente bestaan uit 100 lidmate waarvan 25 kinders is. Die verste besoekpunt buite die dorpie is 20km.

Leraarsprofiel: Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die kontrak:

- a) Preek & Kategese.
- b) Huisbesoek in ses wyke, ongeveer vyftig besoekpunte een maal per jaar.
- c) Pinksterbidure.
- d) Twee wyksbidure per wyk per jaar.
- e) Hospitaalbesoeke.

Vergoeding: Totale pakket beloop R144 000 per jaar, onderhandelbaar na 'n jaar (12 maande). Leraar moet aan 'n wetlik goedgekeurde pensioenfonds behoort of by emeritaat reeds sy/haar pensioen opgeneem het. 'n Ruim pastorie is beskikbaar, gemeubileerd indien verkies, asook water en elektrisiteit ingesluit. Die gemeente sal verkies as pastorie bewoon word.

Aansoek: Stuur volledige CV aan:

Die voorsitter van die Kerkraad, per e-pos aan bornmanrita@gmail.com

Navrae kan gerig word aan:

Leierouderling: Tienka Steyn by 082 346 4428

Saakgelastigde: Rita Bornman by 083 242 9242

Sluitingsdatum: Dinsdag 31 Mei 2016

Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en moontlike preekbeurt.

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

[TERUG NA INHOUD](#)

KINDERVERSORGER WINBURG KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM:



Posoms krywing: Versorging en opvoeding van 15 Sothosprekende seuns wat deur die Kinderhof sorgbehoewend bevind is. Ondervinding van werk met kinders is 'n aanbeveling asook opleiding in kinderversorging.

Posvereiste:

1. Inwoning is verpligtend
2. Graad 12
3. Rybewys
4. Tale magtig: Afrikaans, Engels en Sotho

Voordele:

1. Salaris onderhandelbaar
2. Diensbonus
3. Pensioenfonds
4. Verlof

Sluitingsdatum: Dinsdag 31 Mei 2016

Faks CV's na: 057 352 9782, of e-pos na christa@vionskinders.org.za

[TERUG NA INHOUD](#)

HERHALINGS:

- **PINKSTERREEKS BESKIKBAAR:** In aansluiting by die NG Kerkfamilie se Seisoen van Menswaardigheid wat tans op dreef kom, dink ons met vanjaar se Pinksterreeks as kerkfamilie saam daarvoor dat die Here alle mense na sy beeld geskape het en dat Jesus sy kerk in ons tyd opnuut van dié waarheid bewus maak – klik [hier](#) om reeks in Afrikaans af te laai.



- **KERKE BEPLAN GROOT VELDTOG VIR VERSOENING (SING 'N NUWE LIED):** Die kerke van Suid-Afrika beplan 'n groot versoeningsveldtog in die land, saam met organisasies wat die leiers van die jeugopstande van 1976 en die dienspliggenerasie verteenwoordig. Die tema, na aanleiding van Psalm 98 is, *Sing 'n nuwe (Suid-Afrika) lied!* **Die veldtog sal begin met veertig dae van gebed vanaf 7 Mei tot 15 Junie 2016. Op 16 Junie 2016 word die Soweto-opstand van 1976 herdenk. Kerkleiers wil hê dat dié belangrike simboliese geleentheid gebruik moet word om 'n proses van versoening en heling te begin wat deurloop tot op Versoeningsdag op 16 Desember 2016. Die gedagte is dat die kerke self eienaarskap neem van die proses en dat daar nie toegelaat moet word dat die proses deur politieke groepe geëskap word nie. Kerkleiers sê dat dit vir die sukses van die veldtog belangrik is dat baie**



witmense daaraan deelneem - dit geld veral lidmate van die Afrikaanse kerke van wie baie lidmate diensplig gedoen het. Lees [hier](#) die volledige berig deur Neels Jackson in die jongste Kerkbode. 'n Saamgestelde memorandum vir kerke met al die inligting, is ook [hier](#) beskikbaar.

- **VIGSHERINNERINGSONDAG:** CABSA wil gemeentes graag daaraan herinner dat



Vigsherinneringsondag op 15 Mei 2016 saamval met Pinkstersondag. Hulle doen 'n beroep op u om tydens die erediens en ander bedieningsaktiwiteite ook aandag hieraan te gee. Vir liturgiese voorstelle wat tydens die erediens gebruik kan word en wat inpas by die tema van Pinkster, klik [hier](#).



- **GEMEENTENUUS:**

NG KROONHEUWEL-NOORD, KROONSTAD:

VLEISFEES 2016: Dié geleentheid vind op **Saterdag 7 Mei 2016 vanaf 10:00** plaas. Alle vleis is minstens R10 onder plaaslike slaghuyspryse. Tydens dié Feesdag kan heerlike vleissnitte en roosterkoeke (met konfyt-, wors, 'n pattie of sosatie-vulsels, pap met lewer en suursous, asook souskluitjies, aangekoop word – kaartfasiliteite sal beskikbaar wees. Die bekende en gewilde Bloemfonteinse sanger, Urnus Human sorg die hele dag vir heerlike musiek. Vir enige navrae oor beide geleenthede, skakel ds Christo Weideman op 083 453 6681.

- **NG HARRISMITH - VROUEBYEENKOMS:** Hierdie gemeente bied op **Saterdag 4 Junie 2016** 'n baie besondere en interessante vrouebyeenkoms aan met die

tema, *...nogtans sal ek jubel...* (Habakuk 3: 17-18). **Vanaf 09:15 – 10:00** is daar 'n **ontbyt** in die kerksaal en **vanaf 10:00 – 12:00** word die **res van die program in die kerkgebou afgehandel**. Dr Marietjie van Loggerenberg, 'n Narratiewe Pastorale Terapeut, sal 'n **paneelgesprek** lei met Dorothea Brits (weduwee van ds Brits wat 'n bylaanval oorleef het waarin haar man en skoonseun vermoor is), Reinette de Witt (het haar 19-jarige seun in 'n vliegongeluk verloor) en Dianna Odendaal (borskankerlyer en aanvoerder van KANSA in Harrismith). Hierdie vroue **lei oorwinnende lewens ten spyte van trauma** wat hul beleef het en moeilike omstandighede wat hul steeds moet hanteer. Alle omliggende gemeentes in die Harrismith-omgewing word spesifiek na hierdie geleentheid uitgenooi – die manne is ook baie welkom. Die **kaartjies @ R50pp** dek sommige basiese uitgawes sonder enige wins. Kontak die volgende persone: Ansa Muller by 082 376 9142, of mullerjohan@vodamail.co.za; Elize Smuts by 072 448 1710, of elizesmuts2@gmail.com en die Kerkkantoor by 058 622 1355, of kerkkantoor@ngkharrismith.co.za



- **FINALIS VIR KWELA-DORP VAN DIE JAAR - ALLE VRYSTATERS EN OUD-VRYSTATERS NEEM KENNIS!:**

Paul Roux is aangewys as die Vrystaat se finalis vir Kwêla se "Dorp van die Jaar"-kompetisie - die finale verkiesing vind gedurende Mei plaas. As julle vir hierdie mooi dorpie wil stem, volg die inligting op die biljet en ondersteun die inwoners in hulle poging om as wendorp aangewys te word!

- **VAKATURE:**

PSD: TEOLOGIESE NAVORSING SINODE WES-KAAPLAND: Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland), maak die vakature vir 'n **Predikant in Sinodale Diens: Teologiese Navorsing** in die Diensgroep Toerusting (Stellenbosch), bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel.



Inligting oor die vakature is beskikbaar by die skakel, <http://bit.ly/23b3kLD> - sluitingsdatum vir aansoeke:
Donderdag 5 Mei 2016

[TERUG NA INHOUD](#)



*Lig in die duisternis, **hier vir God**, mekaar en die wêreld*